



Verwysing: 20210217-1049
Lêemo.: 13/7/1/2
Navrae: J Parbhoo

Assesseringsbestuursminuut: 0003/2021

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Leerderondersteuning, Kringbestuurders, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Bestuurders van leersentrums vir volwassenes

Onderwerp: Die Junie en November 2021 eksamenroosters van Onderwys en Opleiding vir Volwassenes Vlak 4

1. Die Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV) Vlak 4-eksamen bied leerders toegang tot 'n Algemene Onderwys en Opleidingsertifikaat wat as Vlak 1 in die Nasionale Kwalifikasiesraamwerk geregistreer is.
2. Die **Junie 2021 eksamen vir OOV Vlak 4** sal op Maandag, 31 Mei 2021 begin en op Woensdag, 23 Junie 2021 eindig. Die OOV-eksamenrooster vir Junie 2021 is as **Bylae A1** aangeheg.
3. Die **November 2021 eksamen vir OOV Vlak 4** sal op Maandag, 01 November 2021 begin en op Dinsdag, 23 November 2021 eindig. Die OOV-eksamenrooster vir November 2021 is as **Bylae A2** aangeheg.
4. Alle eksamensessies sal om 14:00 begin. Nalatigheid om by die eksamendatums en tye te hou sal as 'n onreëlmatigheid beskou word.
5. Gehalteversekering van eksamenprosedures is noodsaaklik om die geloofwaardigheid van die eksamen te verseker. Dit sal onaangekondigde besoeke aan eksamensentrums insluit om te verseker alle eksamens volgens die toepaslike regulasies afgeneem word. Verteenwoordigers van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, Umalusi en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding sal die eksamenprosedures by die eksamensentrums monitor. Neem asseblief kennis dat monitormag slegs toegelaat mag word om 'n eksamen te monitor as hulle 'n bewys van identiteit en 'n magtigingsbrief, om namens die betrokke kantoor te monitor, kan toon.

6. Indien 'n leersentrum vir volwassenes/gemeenskapsleersentrum se eksamen op die terrein van 'n hoofstroomskool afgelê word, moet die sentrumbestuurder vooraf reëlings vir die gebruik van die kluis, die administrasieafdeling, klaskamers en ablusiegeriewe, ens., tref.
7. Die sentrumbestuurder is verantwoordelik en aanspreeklik vir alle administratiewe sake wat met die eksamen verband hou.
8. Geen kandidaat mag in die eksamenlokaal toegelaat word tensy hy of sy 'n toelatingsbrief en 'n identiteitsdokument (ID) getoon het nie. (Let daarop: indien 'n kandidaat toegelaat word om 'n eksamen sonder 'n geldige ID en toelatingsbrief te skryf, moet hy of sy binne 24 uur bewys van identiteit kan verskaf. Nalating hiervan sal as 'n onreëlmatigheid in die eksamen beskou word.)
9. Die hoofopsiener moet seker maak dat kandidate die eksamenlokaal 35 minute voor die amptelike aanvangstyd van die eksamensessie binnegaan. Hierdie tyd moet soos volg benut word:
 - 9.1 Die eerste 25 minute moet gebruik word om die kandidate hul regte sitplekke te laat inneem, die vraestelle en antwoordboeke uit te deel en die eksamenregulasies voor te lees. Hoofopsieners moet kandidate vermaan dat hulle tydens die eksamen nie in besit van 'n selfoon of afkyknotas mag wees nie.
 - 9.2 Gedurende die oorblywende 10 minute moet die kandidate die geleentheid kry om deur die vraestel te lees.
 - 9.3 Dit is nie toelaatbaar om enigiets gedurende die 35 minute neer te skryf of notas te maak nie. Die oortreding van hierdie reël sal as 'n onreëlmatigheid beskou word.
 - 9.4 Kandidate moet ophou skryf op die tyd wat op die eksamenrooster aangedui word.
10. Sentrumbestuurders word versoek om:
 - 10.1 so gou as moontlik roosters aan hulle lektore en kandidate te verskaf sodat hulle vir die eksamen kan voorberei;
 - 10.2 al hul kandidate daaraan te herinner dat hul ID's en toelatingsbriewe voor die aanvang van elke eksamensessie getoon moet word om enige identiteitsbedrog te voorkom; en
 - 10.3 te sorg dat alle kandidate wat vir die OOV-eksamen geregistreer is, hul terrein gebaseerde assesseringskomponent voltooi voordat die eksamen afgelê word.

11. Sentrumbestuurders word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate en lektore te bring.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2021-02-25